

De in de Hoofdstad te koop!

De Totius, Drukkerij

177

KINDERVERSE

VAN

TOTIUS

VIR SKOOL EN HUIS

Tekeninge van J. H. PIERNEEF

A. H. KOOMANS, BEP., POTCHEFSTROOM

666/0091

CORRIGENDUM.

Op bl. 21 vers 1 lees ferweel i.p.v. felweel.

R. Lugtenburg

VOORWOORD.

Dis al 'n paar jaar dat die eerste reeks gediggies in my laai lê, gereed vir publikasie. Dat dit egter nog nie in druk verskyn het nie vind sy oorsaak hierin, dat ek nog altyd van plan was om die gediggies oor „die oudjie” aan te vul met 'n reeks oor 'n kleintjie wat nog jonger is as „die oudjie”. Veelvuldige beroepspligte het egter die volvoering van die plan verhinder, sodat nou, ook op aandrang van enige vrinde, die versies verskyn.

Party van die gediggies handel meer oor kinders, en is miskien minder vir kinders bedoel. Maar dit was my geen genoegsame rede om hulle uit hierdie bundel uit te sluit nie. Die menslewe laat sig nie in vakkies verdeel nie.

Mnr. Pierneef was so goed om die boekie met tekeninge te voorsien. Daarvoor bring ek hom hier my hartelike dank. ...

T.

Potchefstroom, Maart 1920.

o Heerlike bedrywigheid,
en arbeid waar geen sorg aan kleef!
wat al maar nét wil besig wees.
en net maar bly maak om te leef.

II. DIE MIDDAGSLAAP.

Van middag wou hy nie gaan slaap.
 Hy wou maar net 'n bietjie lê,
 so sê
 die oudjie.

Dwars-oor sy kussings rol hy rond,
 en loer dan weer vol skelmery
 vir my—
 die oudjie.

Ek lees maar in my boek en maak
 of ek hom nie gewaar;
 en toe bedaar
 die oudjie.

Eers word sy mondjie stil;
 daarna sy hande en voete, en dan?...
 Ek hoor nou niks meer van
 die oudjie.

Klaas Vakie weet hy 't vroeg geroer
 en loer al heel dag lang.
 Hoe soet en sag word hy gevang—
 die oudjie!

.....

o Die so-maar-so gaan lê en slaap,
so rustig-sorgeloos!

Ek wou dat ek kon inslaap soos
die oudjie.

III. NAGRUS.

Die oudjie die slaap.

Dis vrede, ál vree.

Net 'n kersie flikker

en 'n kriekie skree.

.....

Ek staan by sy bed

en sê fluisterend tot

my siele: „só rus ek,

as ek rus in my God.”

IV. HIJ MORS SO GRAAG.

Hy mors so graag in water, maar
hy weet die ding 's nie pluis,
daarom verdwyn hy ongemerk
om die hoekie van die huis.



Dan weet hy van geen wêreld, want
by die dakgeut staan 'n bad
vol water, waar meneer
in mors dat dit so spat.

Sy moeder weet dis onraad as
hy nie meer om haar voete woel :
daar staan hy waarlik by die bad
sy baadjie uit te spoel!

Die strome water loop ook al
tot in sy skoentjies af,
en op die al te dure pret
volg welverdiende straf.

Maar swaarder dan die straf is, dat
sy moeder hom gaan skrop ;
dat die vadoek met die papnat punt
al om sy ribbes klop.

V. SIJ SPEELGOED.

Sy swepie en sy bol,
 sy katjie met die kol;
 dit is sy hele skat—
 die swepie, bol en kat.

Dit is maar daardie drie
 en veel meer het hy nie,
 maar niemand is soos hy
 so ryk en bly.

Sy goedjies gee hom ook geen las,
 want niemand hoef hul op te pas;
 daar is geen mens wat dit sal steel
 as hy nie daarmee speel.

Die swepie en die bol
 lê soms die wêreld vol,
 en die katjie speel dan net
 of hy geen basie het.

Meteens kan hy dan vra:
 „waar is my swepie, ma?”—
 en gaan sy ma dit haal
 dan moet die katjie naal.

Lang kan die vyandskap nie bly
of die katjie is daar hupp'lend by,
wanneer die bol
weer oor die gangvloer rol.

Op laas klem hy die drie
vas in sy arrempie,
en niemand is so bly
en ryk soos hy.

VI. DIE OUDJIE IS SIEK.

Vandag is die oudjie siek.
 Ons weet nie wat makeer,
 maar die oudjie is so vreeslik stil
 en ons hart die voel so seer.

Sy handjies brand soos vuur
 en sy hartjie klop so gou;
 sy wangetjies is baie rooi
 en sy ogies is so flou.

Die oudjie praat nie meer
 en hy wil sy kos nie hê;
 hy vra net dat sy ma
 tog 'n bietjie by hom lê.

Sy sweep hang aan sy kooi,
 en sy katjie sit daarby.
 Ons kyk hom stil en droewig aan,
 want ons weet nie wat hy ly.

Die oudjie is nog al te klein
om te weet van wat en hoe;
en lê maar stil en wag
met die ogies altwee toe.

.....

Kon 'k maar in lyde net so wees;
so stil-vertrouend wag;
van buite net so stil soos hy,
van binne—net so sag!

VII. SY KATJIE.

My hart voel baie seer
 as ek die katjie sien,
 want al sy broers en sustertjies
 die is al lang nie meer.
 Pas het hul ogies oopgeraak
 of hul werd almal doodgemaak.

Daar dink ek altyd an
 as ek die katjie sien,
 maar h y treur glad nie, want
 hy weet daar niks nie van.
 Hy val net op sy rug
 en krap my, pootjies in die lug.

'k Sien hom net één ding ly:
 party keer moet hy skuil
 diep onderkant die kas
 dat d' oudjie hom nie kry.
 Hy wil mos ook 'n russie steel
 en met sy eie stertjie speel!

O Die ogies van Jasmyn!
 en gesiggie vol geluk!
 die pootjie-handigheid
 en maniertjies, o so fyn!
 Hoe amper was dit alles dood
 met d' ander katjies in die sloot!

Maar wat! die katjie speel,
 en d' oudjie speel daarby;
 hy sê maar net: „hul 's dood'';
 dit kan hom minder skeel.

.....

En ek, ek dink die twee
 is reg,—ek speel maar mee.

—

VIII. SIJ BOL.

In die Eetkamer.

Sy ma skep op,
maar hy die skop
die bol daar rond:
dan langs die grond,
dan oor die lamp,
en eindlik in
die kom met sop.

In die Kombuis.

Sy is nog besig met
haar laaste pan met vis;
sy hoor ook nie
wat gaande is:
die vis die braai
en maak lawaai.

In die Gang.

Dit duur nie lang
of in die gang
lê strepe sop,
soos hy die bol
daar gooi en skop.

In die Slaapkamer.

Nou spring hy in
die slaapvertrek,
waar koeie staan
nuut-oorgetrek.

Daar skop hy mooi
die bol totdat
dit aanland in
die spierwit kooi!

In die „boet”.¹⁾

Sy ma het alles uitgevind!
Daar staan hy al, die stoute kind,
diep-in die boet.

Aan tafel.

Hy het sy skuld bely,
sy bordjie kos gekry
en is weer scet!

.....

¹⁾ Houtkamertjie waarin die kinders gestraf word.

Kon ek maar net so gou bely
wanneer ek skuldig is;
en net so smaak die soetheid van—
vergifenis!

IX. SY EERSTE BROEK.

Hy het sy eerste broek gekry—
 één van felweel en bruin gekleur;
 maar 't was 'n nuwe soort, en nie
 met die ouderwetse geur!

'n Jersie kom daarby; en nou
 moet jy hom in die nuwe pak
 sien wegstap voor sy moeder uit,
 met al twee hande in die sak.

Heeldag het hy loop spog en voor
 die mense reg gaan staan;
 en d' eerste aand het hy daarmee
 bedtoe gegaan.

Dit duur nie lang nie of
 die aardigheid is oor:
 meneer staan met die nuwe broek
 te werskaf in die watervoor!

.....

Ja „die aardigheid is gou-gou oor”—
dit weet ons almal, vrind;
net jammer dat die oudjie dit
so gou al uit moes vind.

X. SY GODSDIENS.

Die oudjie weet van godsdiens min;
hy ken geen Bybeltaal,
maar weet tog wel van Bybel-haal,
wanneer ons saans en smorreus lees.

Hy is daarin so trou
en sal dit nooit vergeet;
partymaal as ons nog sit eet
kom hy al met die Bybel aan.

Hy kan ook nog nie bid.
Maar as ek roep: „Hou ogies toe”,
dan vra hy nie waarom en hoe,
maar maak of hy dit lank al weet.

En as die dankgebed
naar Bo het opgerys,
vergeet hy nie homself te prys
en roep: „ek soete kind gewees.”

.....

Dit is sy bietjie godsdiens, maar
dit is so mooi opreg vir my,
dat ek my kan verkyk as hy
die ogies sluit en handjies vou.

XI. DIE GROOT KWESSIE.

Die oudjie het die kwessie beet
waar die wyse selfs geen raad mee weet.

Dis dit:

Hy wil graag in sy waentjie sit
en tog meteens die waentjie trek!



Ek hoor hom uitroep: hêk!
Hy gryp die disselboom van voor
maar sy lyf wieg naar die waentjie oor.
Dán wil hy ry
dán wil hy ruk,
maar nee, die ding wil nie geluk.

Ek gee jou vir die ding krediet,
maar laat maar staan—dit is verniet.
Mens kan nie ry en trek gelyk!
Ek gee jou vir die ding krediet,
maar oudjie, dis verniet!

XII. DIE OPLOSSING.

Toe die oudjie sien dat dit nie stryk,
het hy die ding nie lank bekyk,
maar plaks! daar val hy op die wa.

Sy voete swaaiend roep hy : hêk!
want d' ander kinders sal nou trek,
en hy sal hulle kommandeer.

Daar gaan hul al—die span van vier!
Wat het die oudjie 'n plesier!
Sy hele kwessie het hy vergeet.

Die wiele rammel oor die grond
en hy sit lag met ope mond.
Toe sê ek in my hart :

.....

Ja oudjie, kwessies kom, dis waar;
maar voor dit ons te veel beswaar
sit die lewens-wa met ons op loop.

Dis beste: ry maar willig mee
en probeer
ook bietjie kommandeer!

XIII. WAKKER LE.

Laaste nag het die oudjie min geslaap,
want die kinders het hom bang gemaak
met die storie van 'n moeder wat
'n brief gepos het vir Klaas Vaak.

Haar kindjie wou nie slaap, so gaan
die storie van Klaas Vaak, wat oor
die katel heen moes buk,
om allebei die ogies met
sy vingers toe te druk.

Dit het die oudjie so verskrik
dat hy beangs sy moeder smeek :
„maak oop die kers, ek's bang Klaas Vaak
die sal my in my cog kom steek.”

.....

Ja oudjie, dag ek, is jij groot
dan sal jy nóg verniet lê waak,
as kommer kwel, so ydel soos
die kommer oor Klaas Vaak!

XIV. SY VLOSSE HAARTJIES.

Jaapster se vlosse haartjies
 hang ongekam deur-een;
 dit grcei hom nes 'n kransie
 al oor sij koppie heen.

Dit is sy eerste haartjies
 nog yl en los en teer.
 Maar nou kom daar 'n klipper
 wat hom dit af gaan skeer.

Nou sal hul kom—die penne
 nes op 'n stoppel-land,
 en tussen daardie stoppels
 die gryses naderhand!

Sy groen en tere blaartjies
 die kry 'n boompie weer,
 maar daardie eerste haartjies
 kry d'oudjie nimmermeer.

XV. SY MOEDER.

Troue sôre
 van sy moeder,
 wat hom aantrek
 elke môre.
 Hoeveel van haar tyd
 word in sorg aan hom verslyt!

Kyk sy kleertjies
 lê al klaar al
 as hy uitspring
 uit die veertjies—
 kyk so'n splinter-nuwe pak,
 onderbaadjie met 'n sak!

As hy buite
 nog rinkink,
 tot die klokkie
 binne klink—
 staan sy bordjie al gereed
 vol met koss'es—net vir eet..

Heel dag let sy
 op sy gange,
 en al sien sij
 hom nie, het sy
 tog eg-moederlik gewaar
 as daar fout is of gevaar.

Hy studeer cok
 baie hard al,
 want hy vra maar,
 en hy leer ook
 elke maal
 stukkies van haar moedertaal.

Sy gelei hom
 heel dag lang en
 saans is sy die
 laaste by hom,
 as sy by sy bedjie sit
 en hy sy gebedjie bid.

Troue sôre
van s'j moeder,
nou vir hom nog
diep verbôre.
Maar hij loof dit eendag dat
hij so'n troue moeder had.

ANDER
KINDERVERSE

Sonne van Afrika! Volheid van gloed!
 Ons land is so arm, maar jy is so goed.
 Jy kom in jou glansende môre-rit
 tot ons arme vlaktes wat niks nie besit;
 jy verryk hul met die kus van jou mond
 en ons land is meteens die pragtigste grond.

Sonne van Afrika! lekkerlik warm—
 vandag is my huis so verlate en arm;
 want dit drup daarbo uit die hemelryk.
 Mij meubels staan almal so droewig te kyk,
 en die kinders die het geen duurte meer
 oor jy vandag by die spel makeer.

Die wilgerboompies hang nou eers slap
 en die bogies laat hul watertjies tap;
 die voëltjies het stil hul nessies gekies,
 net 'n mossie piep nog so effentjies.
 Die wêreld, eers 'n fees en 'n lied,
 is nou verlate—stil van verdriet.

5.

Sonne van Afrika! 'k sien 'n skeur;
daar kom jou straal, daar breek jy deur;
en jaag die wolke naar alle kant,
want jy is die koning van ons land.
Sonne van Afrika, maak só
en skyn weer herelik daarbo!

TE SNEL.

Ek kon nog getel het,
toe die bloeisels geswel het
van perske en peer—
'n daggie gelede.

En hede ?.....
Ek tel nou nie meer.

Aan takke en twye
sit bloeisels gerye
net gister geswel.
Daar's veelheid van kleure
en geure—
wat gaan dit tog snel!

Die wilgerboom-bogies
ontluik deur hul ogies
in koestrende son,
en val uit die toppe
nes droppe 1)
uit springende bron.

1) Druppels.

Netnou sal die knoppe
van al die boomtjeppe
ook skielik gaan swel;
uit windsels dan vry wees
en bly wees.....
Maar waarom so snel?

Maak langer ons blyde,
lief lentegetyde!
dat ons nie so ras, 1)
na enige dae
moet klae:
die lentetyd WAS!

1) Gou.

SKENDER-TAAL.

(Twee Samesprake.)

I.

Pruim tot Perske:

A, buurvrou, dis lente,
hoe staan dit met jou?
Ek sit al vol bloeisels
en bang nie die kou.

Perske: Wel, buurvrou, ek slaap nie
al het ek geswyg;
kyk net hoe sit ek
vol blomme geryg.

Pruim: Ek sien ja; jy's fluks nog;
en lyk dit nie mooi—
jou tabberd van bloeisels
so teer en so rooi?

Perske: En jy dan, my buurvrou!
Ek staan net en kyk
hoe netjies en lief
dat jou wit tabberd lyk.

- Pruim :** Maar is dit nie naar nie
dat óns alleen blom ;
en die ander nie merk nie
die slaptyd is om!
- Perske :** Ja kyk daar's byvoorbeeld
sus Perebcom, sy
lyk my nes een
wat aan slaapsiekte ly.
- Pruim :** Maar praat nie hoe kroes of
sus Appelboom lijk!
'n Mens kry al vaak as
jy net naar haar kyk.
- Perske :** En kyk naar sus Wingerd,
gekinkel en vuil ;
sy staan in die lente
jou waarlik te huil!
- Pruim :** Ek moet daarom sê,
want ek hou nie van lie,
sus Appelboom het al
'n bloeisel of drie.

Perske: Dis waar, maar my suster,
dis my nog die vraag
of sy hierdie somer
wel vrugte gaan draag.

Pruim: En reken, by haar is
nog mis aangery;
en ek met my bloeisels
het niks nie gekry!

Perske: Dis onreg; en kyk dan
sy staan by 'n voor;
terwyl e k met moëite
my water moet boor.

II.

Peer tot Appel:

Goeie môre, my buurvrou,
hoe's dít daar gestel?
Is jy ook al wakker?
Ek het iets te vertel—
hulle dink mos ek slaap nog,
maar my knoppe die swel.

Appel: Goeie môre. Maar sal jy
aan die praatjies jou steur?
Ek vertel jou net, suster,
hier is óók iets gebeur:
ja al lyk ek so vaakrig—
een klein botsel is deur.

Peer: Hoe voorbarig, my buurvrou,
van sus Perskeboom, om
al so vroeg in die lente
so weeldrig te blom;
ek wonder hoe maak sy
as die ryp een nag kom.

Appel: Dis verniet dat hul spog
met hul blomryke loot,
suster Pruimboom se bloeisels
gaan die meeste tog dood.
Ek bloei liewers minder
en maak hul dan groot.

Peer: Dit is waar. Maar hoor nou
agteraf die geklap!
Nee, ek dink d i s die beste:
het jy oorvloed van sap;
laat dit dan soos sus Wingerd
op die aarde maar tap.

Appel: Maar dan sê hul weer dat
jy net staan en treur.
Nee, ek dink ons doen beste:
steek 'n bladje eers deur,
en is alles veilig—
laat die knoppe dan skeur!

SAGTE AWEND-REEN.

'n Menigte van druppeltjies
 piepklein
 maar wonderrein,
 die slaan
 hul kinder-taaltjie aan.

Slap van die vaak die wilge sê:
 „dis laat!”
 maar nee, die kleinspan praat
 aaneen
 dwarsdeur die voornag heen.

Ek luister naar die stoutigheid;
 maar, hoor!
 hul lag en skoor:
 „nou spat
 ons éérs die bome nat!”

Die druppels hou nog lang so aan,
 totdat
 die slaap hul vat.
 Hoor hoe
 gaan nou die mondjies toe!

Ek glimlag as so hier en daar
nog één
gesels alleen :
nie lang
of hy 's gevang.

Die wilgerbome skud hul lyf
en raas
nog eens verlaas ;
hul wil
geskied : dis stil, dis stil.

DIE LIEWE POPPESPEL.

O Die liewe poppespel,
die verraaï my al te wel
wat haar in die hartjie leef!
Self nog maar 'n heel klein ding,
sus sy al haar lieweling,
waar die hartjie vas aan kleef.



DIE LIEWE POPPESPEL

Moeder winkel-toe mces loop
 om 'n poppie te gaan koop,—
 want ma kóóp haar bybies mos!
 Lessie word vooraf gelees
 hoedat poppetjie moet wees
 en wat poppetjie moet kos.

Rokketjie is gou-gou klaar;
 énetjie nog om te spaar,
 want dis aantrek ure-lang.—
 Na die drukte gaan klein sus
 in haar arrempies ter rus
 onder egte slaap-gesang!

Rokkies word gewas, geblyk,
 natgespat en glád gestryk,
 in die son weer uitgehang.
 Spesiale poppe-rak
 word die goedjies ingepak.
 Dis 'n werskaf van belang.


Kindjie is dan ock al stout,
kry 'n klappie op die bout,
maar is danig gou weer soet!
Moedertjie, eers diep vererg
cor die poppie se geterg,
is ook dadelik weer goed.

.....

Ag, die liewe poppespel
die verraaï my al te wel
wat haar in die hartjie leef!
Self nog maar 'n heel klein ding,
sus sy al haar lieweling,
waar die hartjie vas aan kleef.

DIE STERRETJIE.

Goei nawend my sterretjie
met jou vriendlike groet;
jou weer te sien skitter
doen my harte so goed!
Ek staan net maar op
van my lampe-liggie,
en daar kyk ek verras
in jou kindergesiggie.



DIE STERRETJIE. . . .

My kleintjies lê binne
 in hul droompies al:
 ek was bang dat die ryp
 in hul oë sou val.
 Met wangetjies rond
 lê die slapende bloedjies
 glimlaggend te droom
 van hul spelegoedjies.

En jy speel maar hier buite
 in die winternag!
 En kom my nog teë
 met jou oulike lag!
 Jy weet van geen nag,
 geen koue of vrese—
 klein liggende, laggende,
 klein hemelse wese!

Jy speel in die nag
 om die aard te verbly;
 in my donkre beproewing
 kom jy laggend naar my.
 En is dit my netnou hier buite te koud,
 dan vlug ek weer haastig naar binne;
 maar jy bly, ongesien, nog skitter daarbo
 aan die hoë, hemelse tinne!

DIE ONDERGAANDE SON LÊ AAN.

Die ondergaande son lê aan
 en mik,
 agter 'n lae rand vandaan,
 om nog verlaas 'n hoë kop
 net op sy top
 te skiet.



DIE ONDERGAANDE SON.

Dis raak! Geluk!
 Maar, kyk, daar buk,

daar sink die son subiet¹⁾—
 dat nie die verre kop
 kan sien nie, wie sy top
 het raak geskiet.

„Ha, ha, ek het jou tóg gesien!”
 so roep die kop.
 „Jy buk, maar dis verniet:
 daar lê jou bloedrooi dcp,
 jou sonne-hoed, nog op
 die wereldrand—
 J y het my raak geskiet!”

¹⁾ Meteens.
